

KUBERKAMMA

ONS IS GOD SE FONTEIN VAN LIEFDE



Psalm 33 vers 18 en 22

Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op Hom vertrou
Hou U liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertrou in U

Kortpad **Deurdankoffer vir Vrouebediening** **Biddag vir opvoeding en onderwys**

- 10 Februarie 08h30 Eietydse diens Kleuterkerk
- 10 Februarie 09h45 Kategese
- 10 Februarie 10h00 Klassieke diens
- 10 Februarie 19h00 Week van Gebed begin in die kerkgebou Dankoffer vir Diens van Barmhartigheid
- 11 – 13 Feb 19h00 Week van Gebed in die kerksaal

Nog belangrike datums

Kommunikamma 10 Februarie 2019

Saam op pad vir Christus

Preke: Die preke van die oggenddienste word opgeneem en kan by die kerkkantoor bestel word teen R10 per CD. Preke word vir 3 maande gehou.

ViA

Ons gemeentevroue is geseën met vele talente en gawes, wat hulle op verskeie maniere ontgin tot eer van God deur by ViA betrokke te raak. ViA het die jaar afgeskop met 'n aand van Smul Speel Samesyn en Spesiale Pryse.

Poppekas

Stoffel bieg en beleef dis baie lekkerder om Lizzy bly te sien as om heelyd na haar gehuil te luister.

Optelgoed is Hougoed

Media Diensterrein

Daar word dringend gesoek na vrywilligers wat beurte kan maak om Sondae vir slegs 'n halfuur lank in die Mediasentrum te help met die uitleen van boeke, CD's en DVD's. Skenkings van items vir die Mediakas kan gedurende die week by die kerkkantoor afgelewer word. Kontak Adelé Saunders 072 333 2207.

Maart Malligheid

Almal kan op een of ander manier betrokke raak by hierdie pretaand se gemeentekonsert ten bate van Kleinskool Inisiatief se studiefonds. Kaartjies is beskikbaar by selgroepe of die kerkkantoor of kan met SnapScan betaal word. **Maart Malligheid**

Sake vir gebed

Ons bid vandag spesiaal vir almal wat betrokke is by die onderwys asook vir die leerders en studente wat baie uitdagings soos byvoorbeeld boelie-gedrag, drank- en dwelmmisbruik en ouer-onbetrokkenheid

ervaar. Ons sê ook dankie vir uitstekende opvoeders wat hulle roeping bekwaam uitleef. Ons bid vir 'n rustige en veilige omgewing in skole, teknikons en universiteite waar onderwysers en dosente hul roeping kan uitleef en waar kinders en studente hul op hul studies kan toespits. [Grens.Pos - Nr 4 – 8 Feb 2019] [Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge: Gebedsversoek vir Somalië

Ons bid vir Christene in Somalië: Bid vir hulle veiligheid en dissipelskapsgeleenthede, aangesien hulle [geheime gelowiges](#) is. **Foto**

Aksie België vir Christus: Gebedsversoeke vir Februarie 2019

Lees asseblief biddend die name van die sendelinge en hul gesinne, wat met verskillende sake soos gesondheid, finansies, die werk, en die toekoms van die BEZ worstel. Ons dank die Here vir die afgelope 100 jaar se werk van die BEZ in België. [Gebedsversoeke vir Februarie 2019](#)

***Padkos* Liefde is... die voordeel van die twyfel**

Ons almal was al daar: Jou huweliksmaat is laat vir julle afspraak of beantwoord nie sy of haar foon nie. Jou kollega doen iets in die werkplek wat jou warm onder die kraag laat. Jy hoor 'n soetsappige skinderstorie oor iemand van wie jy dit nooit sou verwag het nie. Wat is jou eerste reaksie? Ontplof jy? Reageer jy in woede? Versprei jy daardie skinderstorie? Of kies jy om die persoon die voordeel van die twyfel te gee totdat jy al die feite het? Soms wonder ek of die voordeel van die twyfel nie dalk die grootste geskenk vir iemand is nie – juis omdat dit aan die persoon teenoor wie ons dit bewys, ons vertrou en respek vir hom/haar demonstreer. Soms in pynvolle situasies (die verlies van 'n kind, 'n verhouding wat beëindig word, skuld wat al groter word) het ons nodig om ook vir God die voordeel van die twyfel te gee. Blameer en verwyt ons God? Of gee ons aan Hom die voordeel van die twyfel, omdat ons glo dat Hy steeds in beheer van ons lewens bly? Al voel dit dus vandag asof God jou verlaat het en jy nie die seisoen in jou lewe kan verstaan nie, wil ek jou aanmoedig om Hom die voordeel van die twyfel te gee. Niks tref Hom ooit onkant nie en niks kan ons van Sy liefde skei nie (Romeine 8 vers 38 – 39). In Deuteronomium 29 vers 29 lees ons ook: "Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God." Kom ons gee Hom (en ons geliefdes) 'n slag weer die voordeel van die twyfel.

Vader God, baie dankie dat ek U kan vertrou – al verstaan ek nie 'n situasie nie. Vergewe my waar ek U in die verlede blameer het in seer seisoene en help my om my oë op U te hou. Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus. Amen

[Deur Benescke Janse van Rensburg www.versndag.co.za Verkort]

Kuërgroete tot volgende keer

[2019-02-10]



Skandeer die **Kraggakamma Gemeente SnapCode** om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van **SnapScan** te betaal. www.getsnapscan.com